

Selfs my wil is deur die sonde bederf!

Sodra 'n mens erken dat jou wil ook deur die sonde bederf is erken jy dat jy 'n slaaf van die sonde geword het. Daarom is daar dwaalleraars wat dit ontken dat die mens se wil deur sonde aangetas is, "aangesien die wil op sigself nooit verdorwe was nie". Volgens hulle is die wil net tydelik aangetas "deur die verduistering van die verstand en wisselvalligheid van die neigings ..." Wanneer hierdie struikelblokke uit die weg geruim is, kan die wil weer "sy vrye aangebore vermoë uitoefen". Dit sou beteken dat die mens dan self kan kies of hy die Here wil dien of nie.

Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, want God se Woord sê (vers 1): "Die sonde van Juda is ingegraveer met 'n ysterpen, ingegrif met 'n diamantpunt op hulle harte ..." Hieroor kan geen twyfel bestaan nie (vers 9): "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?" Dit beteken dat die mens tot in sy diepste kern deur die sonde bederf is, in so 'n mate dat sy wil ook aangetas is. Sy wil is inderdaad so erg aangetas dat hy altyd teen God sal kies, behalwe as God sy wil deur die Heilige Gees verander. Ja, die hart van die mens, wat sy wil insluit, is ongeneeslik. Self kan die mens nie sy wil genees van die gevolge van die sondeval nie.

Genadiglik kan God wel die hart en die wil van die mens herstel tot sy toestand voor die sondeval. Deur sy Gees kan God die sonde wat in ons hart en wil ingegraveer is uitvee. Hy en Hy alleen kan die hart en die wil van die mens genees, sodat ons God weer bo alles kan en wil liefhê en ons naaste soos onself. Elkeen wat die Here wil dien, moet Hom daarvoor dank dat Hy klaar sy hart en wil genees het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~